

DIE LOOTSE VAN SUID-AFRIKA

('n Genealogiese Studie)
saamgestel deur

PATRICK LOOTS

VOORWOORD

Sewe jaar se navorsing vind nou beslag in hierdie boek. Dit is gebaseer op inligting verkry uit genealogiese en geskiedkundige publikasies, uit argiefstukke en doopregisters. Veral die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria het my baie gehelp. Baie belangrike hulp het van talle Lootsfamilies gekom, wat werklik uit hulle pad gegaan het om my te help. Dit sal onregverdig wees om enkele persone uit te sonder, sonder om al die ander medewerkers se name te noem. Aan al die talle Lootse, baie dankie vir julle hulp. Behalwe vir die argiewe het ek ook die tradisionele Lootsplase besoek. Daar het ek met ou inwoners en met Lootse gesels om so agtergrond inligting te bekom.

Daar is vierduisend briewe uitgestuur, byna 'n duisend telefoon oproepe gemaak om agtergrond geskiedenis te kry. Dit alles moes my help om genealogiese orde te kry uit die babelse verwarring wat die grootskaalse ondertrouery veroorsaak het.

Tog is daar inligtinggapings, kon al die nageslagte nie opgespoor word nie en kon daar foute ingesluit het.

Van die lewende Lootse wat gekontak is, het nie die name van hulle oupas of oumas geken nie. Baie van hulle het ook nie hulle ooms en tantes se name geken nie. Dit het probleme geskep om korrekte koppeling tussen die lewende geslag en die oorlede geslag te maak. Hier glo ek het foute ingesluit waarvoor ek by voorbaat om verskoning vra.

Die hoë voorkoms van ondertrouery het veral twee geneties gedraagde siektes laat ontstaan. Hartvatsiektes kom in enkele families voor. Sover moontlik word dit aangedui sodat hierdie families die nodige voorsorg kan tref. 'n Meer tragiese siektevorm is spierdistrofie. Hierdie siekte kom sporadies voor onder die Daggafontein Lootse soos aangedui. Die nageslag van Philippus Johannes Cornelis Loots is meer blootgestel aan hierdie ongenetiese erfsiekte.

Die opstel van hierdie boek was 'n reuse taak. Kostas het ongelukkig die hoogte ingeskiet, daarom word net 'n beperkte oplaag gedruk. Hoewel die kwaliteit van die drukwerk goed is, is die foto-kwaliteit minder goed. Ons hoop u begryp dat dit die beste was wat onder omstandighede gedoen kon word.

Geniet die boek. As u aanvullings wil maak kan u dit self doen of ons kan u daarnee help. Hiermee ons strewende om aan u 'n beeld van die ontstaan, groei, verspreiding en handeling van die Lootse van Suid-Afrika te gee. Ek is trots om 'n Loots te wees, maar nog meer trots om 'n deel van so 'n unieke familie Lootse van Suid-Afrika te wees. Mag dit ook u ervaring wees by die lees van hierdie boek.

Met hierdie derde druk het daar weer enkele families bygekome. Foute met die spelling van name en plekke, asook ander korreksies, soos dit onder my aandag gekom het, is aangebring.

Daar is nog Loots families wat nie opgeneem is nie omdat hulle nie op ons briewe en telefoon oproepe reageer het nie. Dit is jammer, want ons sou graag 'n volledige naam lys van Lootse in Suid-Afrika wou publiseer.

Latere navorsing het aan die lig gebring dat ons stamvader in Holland, Jan Cornelisz Loots, burgemeester van Amsterdam in 1600 was. Die wapen wat ons hierby publiseer is van hom afkomstig.

Mag hierdie boek u trots maar ook 'n inspirasie vir u en u familie wees.

Loots groete


Skrifwer.

INHOUD

	Bl.
Inleiding	1
Die vier Stamvaders	6
Die Kinders van Stamvader Philip Cornelis	7
Die Kinders van Stamvader Pieter	8
Die Kinders van Stamvader Paulus Johannes Jacobus	9
Die Kinders van Stamvader Johannes Hendrik	10
CX Gabriel Jacob Loots (Bruin Lootse)	12

Die Geslagsregister van Stamvader Philip Cornelis Loots

b2c3.	Philip Cornelis	15
b2c3d2.	Johannes Jurgen (George)	17
b2c3d2e3.	Johannes George	17
b2c3d2e6.	Willem Jacobus	33
b2c3d3	Philip Cornelis Petrus	36
b2c3d3e1	Philip Cornelis Petrus	37

Die Geslagsregister van Stamvader Pieter Loots

b2c4	Pieter	40
b2c4d5	Petrus (Pieter) Johannes	42
b2c4d5e3	Pieter Johannes	42
b2c4d5e4	Francois Petrus	44
b2c4d5e5	Isaac Jacob	45
b2c4d5e6	Jacobus Albertus Johannes	48
b2c4d5e10	Jurgens Hendrik	52
b2c4d7	Jacobus Johannes	53
b2c4d7e3	Pieter Johannes	54
b2c4d7e4	Andries Lodewicus	55
b2c4d7e7	(Jan) Christiaan Daniël	56
b2c4d12	Jan Christiaan Daniël	56

Die Geslagsregister van die Stamvader Paulus Johannes Jacobus Loots

b2c5	Paulus Johannes Jacobus	57
b2c5d2	Jan Hendrik	57
b2c5d2e5	Paul Johannes Jacobus	59
b2c5d2e6	Willem Johannes	64
b2c5d2e7	Jan Hendrik	65
b2c5d8	Petrus Johannes	66
b2c5d8e1	Paulus Johannes Jacobus	67
b2c5d10	Philippus Cornelis	76
b2c5d10e2	Samuel Jacobus	77
b2c5d10e4	Joshua Esterhuizen	78

Die Geslagsregister van die Stamvader Johannes Hendrik Loots

b2c6	Johannes Hendrik	80
b2c6d1	Francois Jacobus Nicolaas	83
b2c6d1e1	Johannes Hendrik	84
b2c6d1e2	Jan Hendrik	85
b2c6d1e3	Francois Jacobus Nicolaas	88
b2c6d1e4	Jozua Philippus Cornelis	88
b2c6d1e7	Nicolaas Jacobus	91
b2c6d1e9	Pieter Johannes Jacobus	93
b2c6d1e10	Philippus Cornelis Johannes	95

b2c6d2	Jan Hendrik	96
b2c6d3	Petrus Johannes Jacobus	96
b2c6d3e1	Johannes Hendrik	97
b2c6d3e2	Jan Jurie	101
b2c6d3e4	Pieter Johannes Jacobus	104
b2c6d3e5	Dirk Petrus	105
b2c6d3e6	Philippus Johannes Cornelis	106
b2c6d3e7	Cornelis Jacobus	106
b2c6d4	Johannes Hendrik	106
b2c6d4e1	Johannes Hendrik	107
b2c6d4e3	Adriaan Erasmus	107
b2c6d4e5	Jozua Johannes George	108
b2c6d4e7	Zacharias Marthinus	116
b2c6d5	Jozua Johannes George	120
b2c6d5e2	Johannes Hendrik	121
b2c6d5e4	Paul Johannes Jacobus	121
b2c6d6	Paul Johannes Jacobus	121
b2c6d6e1	Johannes Hendrik	122
b2c6d6e2	Paulus Johannes Jacobus	126
b2c6d6e7	Joshua Johannes Jacobus	130
b2c6d7	Philippus Cornelis Johannes	139
b2c6d7e2	Johannes Hendrik	139
b2c6d7e3	Philippus Johannes Cornelis	146
b2c6d8	Gysbert Johannes Jacobus	154
b2c6d8e1	Johannes Hendrik	155
b2c6d8e2	Paul Johannes Jacobus	157
b2c6d8e3	Gysbertus Johannes Jacobus	158
b2c6d8e4	Jan Hendrik Marthinus	158
b2c6d8e5	Francois Jacobus Nicolaas	161
b2c6d8e6	Philippus Cornelis Johannes	164
b2c6d12	Hendrik Johannes	165
b2c6d12e1	Johannes Hendrik	166
b2c6d12e5	Jan Hendrik	173
b2c6d12e8	Willem Johannes	175
b2c6d13	Philippus Johannes Cornelis	176
b2c6d15	Johannes Hendrik Adriaan	177
b2c6d15e1	Johannes Hendrik	177
Ererol		180

DIE LOOTSE VAN SUID-AFRIKA

Inleiding.

Die Lootse in Holland word in drie familie-groepe verdeel.

1. Die jongste van hierdie familie het in Zoutkamp, Groningen in Friesland ontstaan. Jannes Autze's gebore ongeveer 1720 en getroud met Martje Roelfs, gebore 30/6/1720 in Vierhuizen doop hulle kinders as Loots. Hulle oudste seun gedoop Klaas Jannes Loots, gebore te Zoutkamp op 23/3/1740 was 'n zeevisser, winkelier en herbergier en later 'n landbouwer te Zoutkamp. Aangesien ons stamvader, Jan Loots in 1720 aan die Kaap geland het, kon hy nie van hierdie Lootse afstam nie.

2. Die tweede groep van hierdie familie het in Enkhuizen, Haarlem, ontstaan. "De stamboom begint als Jan Pieters en Janneletjie Pieters. In 1707 word voor het eerst de agtemaam "Loods" gebruik by het huwelik van (hul seun) IJsbrand Gerrits. Vermoedelik was "Loods" (later verander na Loots) het beroep van deze IJbrand en dat zo de naam in de familie iz gebleven..... Ze waren in bezit van een molen, grutterijen, huizen, boerderijen en landerijen en "boerden" dus goed."

3. Die derde groep van hierdie familie het in Amsterdam ontstaan. Jan Loots was in 1600 in bevel van die gelei-boot wat die inkomende en uitgaande skepe deur die kanale van die Amsterdam hawe moes lei. In 1620 was 'n Jan Cornelisz Loots burgemeester van Amsterdam - vermoedelik dié Jan Loots se seun. Ongelukkig kon die skrywer, weens kostes, nie presies bepaal hoe "onze Jan" wat in 1702 in Amsterdam gebore is en in 1720 aan die Kaap geland het, skakel met hierdie Lootse nie. Volgens inligting bekom van Amsterdam was "onze Jan" 'n kleinseun van die burgemeester Jan Cornelisz. Sy vader het 'n drukkerij in Amsterdam gehad.

As die Amsterdam Lootse se inligting korrek is, was ons stamvader Loots, 'n gelei-boot of haweboot kaptein.

Die Betekenis van Loots.

Die naam Loots is afgelei van Lodewijk of Ludwich. Dit stam weer uit die ou Germaanse woord Hloedewech, wat leier op die weg, of padwyser beteken. Volgens navorsing in Amsterdam gedoen was die stamvader van die Lootse blykbaar 'n hawemeester wat in bevel was van die bote wat inkomende skepe die hawe moes binne lei. Dit lyk ook of die oorspronklike stamnaam Jan Loots was. Moontlik was hy die grootvader van die Jan Loots wat na Suid-Afrika gekom het.

Die Eerste Lootse.

Toe Jan van Riebeeck op Sondag 25 Desember 1651 uit Amsterdam vertrek het, was op een van sy drie skepe 'n matros met die naam van Albert Gerrit Loots. By die Kaap aangekom was hy een van die matrose wat by Jan van Riebeeck agter gebly het om te help met die oprigting van 'n halfweg stasie.

Uit twee dokumente in die Kaapse argief wil dit lyk asof hy nie te vinde was vir die arbeidseise wat aan hom gestel is nie. Hy het tweekeer voor "Germandiere Bottevier" verskyn op aanklag dat hy nie wou werk nie, sy medewerkers aangerand het en dat hy 'n moeilikheidsmaker was. Na die tweede aanklag is hy in 1657 teruggestuur na Holland.

Twee weesmeisies het na die Kaap gekom. Die een was Geertruij Loots wat in 1708 in Amsterdam gebore is. Sy was volgens Albertyn oorlewering 'n jonger suster van ons stamvader Jan Loots. Sy het in Julie 1725 in die Kaap aangekom en tree op 26/8/1725 in die huwelik met Adam Albertijn, 'n immigrant uit die provinsie Delft, Holland. Hulle vestig hulle in die Drakenstein gebied waar een seun, genaamd Hendrik gebore is. Geertruij sterf op 7/3/1729. Volgens 'n artikel in Die Brandwag van 17 Februarie 1947 het Jan Loots die klein Hendrik Albertijn in sy sorg geneem en groot gemaak.

Saam met Geertruij het 'n ander Loots-meisie geland. Haar naam was Catharina Loots. Of hulle familie was kon nie sover vasgestel word nie, was waarskynlik niggies. Sy is ook met 'n man van Drakenstein getroud, nl. met Coenraad Groenewald. Hy was 'n jongman wat aan die Kaap gebore is. Sy vader was een van die Vryburgers, wat vryburgerskap in 1691 verkry het om as smid waens, karre en ander voertuie te herstel. Sy sterf 20 Januarie 1734 na 'n huwelik van nege jaar. Sy laat 'n baba dogtertjie Catharina Elizabeth na, asook drie ander kinders, genaamd Christoffel, Coenrad en Francina Groenewald. Francina tree later in die huwelik met Hendrik Albertijn.

Dit is opmerklik hoeveel vrouens aan die Kaap en later in die binneland hulle lewens gelaat het tydens die geboorte van 'n baba. Kraamkoors, wat volgens mediese lektuur in Europa soveel as tien persent van alle jong vrouens se lewens ge-eis het, het ook in die pioniersjare van ons embryo-volkie sy tol ge-eis.

'n Vierde Loots wat na die Kaap gekom het in hierdie tyd was Hendrik Loots. Blykbaar was hy reeds 'n senior burger wat die twee Loots meisies na die Kaap vergesel het. Hy is in 1659 in Amsterdam gebore. Wanneer hy in die Kaap aangekom het, weet ons nie. Hy het hom as boer in die Drakenstein omgewing gevestig. Die eerste wat ons van hom lees is dat op "28 Mei 1726 de oude Hendrik Loots" (reeds 67 jaar oud) getroud is met die weduwee Gysbeth Janze. Sy was voorheen getroud met Jan Andries Creutsdorp. Sy was 'n weduwee met drie Creutsdorp kinders. Die lewe saam met die jong weduwee en haar drie jong kinders was vir de oude Hendrik Loots nie te gesond nie. Een jaar en ses maande later, op 23 November 1727 is hy op die ouderdom van 68 jaar, sonder 'n nageslag oorlede.

Melding word ook gemaak van 'n sekere Jan Loots, afkomstig van Crijtsburg, wie op 1 Augustus 1728 in die eg verbind was met Maria Lubbe. Verder is egter niks van hom bekend nie. Ook word genoem Jan Casper Loots, afkomstig van Saxen Zijsenach, getroud op 13 Junie 1779, met Anna Rottenveel, weduwee van Johannes Daniels, dog verder is geen informasie oor hom beskikbaar nie.

Die Loots Aartsvader.

Die sewende Loots wat aan die Kaap geland het, was Jan Loots. Jan Loots kom in Mei 1720 in die Kaap aan, die twee weesmeisies in 1725, terwyl Hendrik Loots "de oude" waarskynlik saam met hulle hier aangekom het.

Jan Loots is in 1702 in Amsterdam gebore. Hy het 'n goeie skoolopleiding gehad, was Hollands en Frans magtig en het reeds op 18-jarige ouderdom gesag afgedwing. Hoewel hy as matroos na die Kaap gekom het, was sy taak op die skip meer senior van aard. Hy moes daagliks die skeepsjoernaal hou. Om so 'n jong man in so 'n senior pos aangestel te kry moes sy vader heelwat invloed by die Hollands Oos-Indiese Kompanjie gehad het. Sy Oupa, Jan Cornelisz Loots was burgemeester van Amsterdam.

Aangekom aan die Kaap word hy in 'n klerikale posisie onder goewerneur Maurits aangestel. 'n Aanstelling wat blykbaar vanuit Holland gereël is. Dit dui weer daarop dat sy vader heelwat invloed moes gehad het. Jan bekleed hierdie pos vir vier jaar. Intussen het van die Franse Hugenote 'n sukses gemaak van die wynbedryf aan die Kaap. Een familie wat besonder suksesvol was, was Pierre Joubert en sy vrou Isabeau Richards. In 1724 het hy vanaf sy landgoed, La Provence, vyf wynplase bestuur.

In hierdie tyd was Rijk Tulbach, Jan Loots se direkte senior. Om te voorkom dat hierdie suksesvolle Franse boere hulle Franse karakter behou, is Hollands-sprekende onderwysers aangestel om die taak te vervul. Jan Loots wat as 22-jarige jong man as geleerd beskou is, met 'n deeglike kennis van Frans, word 'n kandidaat onderwyser.

In 'n kontrak opgestel deur Rijk Tulbach op 11 Mei 1724 word ooreengekom dat die matroos

Jan Loots van Amsterdam as onderwyser in diens van Pieter Joubert en Elizabeth Richard (die name is verholands) sal tree. Behalwe om onderwys te gee moes hy ook ander redelike werkies op die plaas verrig. Sy vergoeding sal wees, huisvesting, kos, elf Hollandse Gulden en "twee pont tabak". Daar was tien Joubertjies van oud tot jonk waarvoor klas gegee moes word.

Die kontrak was geldig vir een jaar. Kantaantekeninge op die kontrak dui daarop dat dit jaarliks hernu is. Hierdie datums is 16 Mei 1725, 6 Mei 1726, 11 Mei 1727, onduidelike 1728, 16 Mei 1729, 19 Mei 1730, 2 Junie 1731 en 20 Mei 1732. Op 15 September 1726 trou Jan met Maria, die jongste Joubert dogter. Op 10 Augustus 1727 word sy eersteling, Elizabeth wat die Joubert-ouma se naam dra, gebore. Ons vermoede is dat daar in die begin van 1728 ook 'n baba dogtertjie gebore is, wat vroeg oorlede is. Die oudste seun, Jan, word op 14 Januarie 1730 gedoop. In hierdie tyd word die onderwyser Jan gekies tot diaken van die Drakenstein gebied.

Intussen moes Jan nog gereeld by die Kasteel aanmeld om vordering te rapporteer. Dat sy kontrak jaarliks hernu is, toon dat die owerhede tevrede met sy werk was.

Op 20 Mei 1732 hernu Jan Loots vir die laaste maal sy onderwys-kontrak. 'n Maand later, in Junie 1732 sterf sy skoonvader. Nog twee maande later op 10 Augustus 1732, word hulle dogter Maria, gedoop.

In Mei 1733 verstryk Jan se kontrak as onderwyser by die Joubert familie. Hy bly egter nog op die plaas aan. Vermoedelik het hy 'n aandeel in die boerdery bekom. Op 28 November 1734 word hulle seun Pieter, vernoem na oupa Pierre Joubert, gedoop. Nog 'n seun, Cornelis is op La Provence, Drakenstein, gebore en word 15 Maart 1739 gedoop. Hy dra die familienaam Cornelizs Loots, burgemeester van Amsterdam.

Jan het reeds vroeër weiregte verkry op die plaas Klipheuwel, wes van Swellendam. Op 9 Augustus 1741 verkry Jan ook weiregte vir skape op Bruintjies Hoogte in die Karoo. Jan trek na sy nuwe plaas en word 'n voltydse, selfstandige boer. Hy is nou byna veertig jaar oud. Met hierdie eerste plaas het hy aangesluit by 'n nuwe geslag ondernemers, wat deur die geskiedkundiges Trekboere genoem word. Hierdie naam is aan hulle toegeken omdat hul nageslag altyd op trek was op soek na nuwe weiding. Toe hierdie Trekboere later tot 'n volk met 'n eie taal en kultuur ontwikkel het is hulle kortweg Boere genoem, 'n naam waarop elke Afrikaanssprekende boorling besonder trots is.

In 1743 lê Swellengrebel die dorp Swellendam aan, vernoem na hom en sy vrou. 'n Drosdy is gebou, 'n landdros en vier heemrade is aangestel om orde te handhaaf. Een van die vier heemraadslede was Jan Loots.

Op Klipheuwel is nog twee kinders gebore naamlik Jacob, wat op 28 Januarie 1742 gedoop is, en 'n dogter Anna, wat op 24 April 1746 gedoop is. Kort na die geboorte van Anna, is Jan se vrou Maria oorlede. Dit was 'n tragedie.

Jan het vooruit geboer in Swellendam. Hy het intussen ook weidings-regte op nog 'n plaas, die keer langs die Kafferskuilrivier, naby die huidige Riversdal, bekom. Hier het hy en sy oudste seun Jan, saam geboer. Jan het egter as heemraadslid aangebly.

Sy oudste dogter is met Isak Meintjies getroud. Hulle gesamentlike testament is in 'n fyn vroulike handskrif in keurige Nederlands opgestel en met dieselfde fyn vroulike handskrif onderteken. As eksekuteur van hulle gesamentlike boedel, opgestel om 10-uur 21 Januarie 1766, op Swellendam, is aangestel Heemraadslid Jan Loots. Hulle het op die plaas Platjieskraal langs die "Tehre Rivier" gewoon.

Op 8 Oktober 1777 stel Heemraad Jan Loots sy eie testament op. Hy was nou 75 jaar oud, maar woon nog in die Swellendam distrik. As eksekuteurs van sy boedel word benoem sy swaers Josia Joubert en Paul Fourie en sy seun Jan Loots.

Heemraad Jan Loots is op die ripe ouderdom van 80 jaar op 17 Januarie 1782 in die Paarl oorlede. Tydens sy afsterwe het gelewe sy seun Jan Loots, toe woonagtig op Blaauwwater, Voor-Sneeuwberg en sy dogters Maria en Anna - slegs drie van sy sewe kinders. In sy testament erf hierdie drie kinders, plus die kinders van sy dogter Elizabeth, wat reeds oorlede was.

Die prys wat heemraadslid Jan moes betaal vir sy trek na Swellendam was hoog. Drie van sy vier seuns is in die wildernis oorlede asook sy vrou. Gesondheidsdienste was totaal afwesig terwyl gesondheidsrisiko's hoog was. Jan was 'n persoon met 'n gemiddelde intelligensie met 'n betreklike goeie opleiding. Vir vier jaar was hy assistent van die latere goewerneur Ryk Tulbach. Vir tien jaar was hy onderwyser en later skoonseun van een van die suksesvolste Franse Hugenoot-boere. Daarby was hy 'n gesiene persoon in Drakenstein, eers as diaken en later as ouderling van die Drakenstein gemeente. Tog met sy skoonvader se dood pak hy sy wa en trek ooswaarts, die wildernis in om met skape te gaan boer. Sy aansien het hy nie verloor nie, want hy word heemraadslid van die pasgestigte drosdy op Swellendam.

Wat het hierdie man besiel om die voorspoed en rustigheid van 'n gevestigde gemeenskap totsiens toe te roep, en ooswaarts die wildernis in te vaar om so die lewens van sy vrou en kinders in gevaar te stel, om so gerief en beskawing totsiens toe te roep?

Die antwoord lê in die mark situasie. Die grootste mark vir landbou produkte het by die verbygaande skepe gelê. Hoewel skepe gereeld om die Kaap geseil het, kon nooit presies vasgestel word wanneer hulle daar sou aandoen nie. Weens swak paaie en primitiewe vervoer en geen behoorlike opbergingsgeriewe, kon bederfbare produkte soos groente en vrugte alleen direk aangrensend aan die Kaap gekweek word. Minder bederfbare produkte kon tot so veertig kilometer van die hawe gekweek word. Verder weg kon slegs met vee, wat op die hoof aangejaag kon word, geboer word. Daarby was gronde geskik vir wingerdbou en koringbou beperk en meestal reeds beset. Akkerbou was arbeid intensief. Betroubare en geskikte opgeleide arbeiders was aan die Kaap onbekombaar. Om 'n akkerbouplaas te begin het 'n jong boer tussen 6000 en 10000 gulden nodig gehad.

Daarenteen kon hy 'n 3000 Ha. weidingsplaas huur teen 24 riksdalders per jaar. Boonop was daar 'n onbeperkte aanvraag vir skaap- en beesvleis by die verbygaande skepe. Geen wonder dat beginner boere veeboere geword het nie. Daarby was afstand of swak paaie geen knellende faktor vir die bemerking van vee nie, want hulle word op die hoof aangejaag mark toe.

Jan Loots die tweede.

Die tweede Jan Loots, gebore as die oudste seun van Jan die eerste, is op 29 Januarie 1730 in Drakenstein gedoop. Hy het sy eerste dertien jare op die wynplaas, La Provence, van sy oupa Pierre Joubert deurgebring. Daarna het hy saam met sy ouers na Klipheuwel, net buite Swellendam, getrek. Toe 'n tweede huurplaas in ongeveer 1746, die plaas Paardekloof, naby Riversdal aan Heemraad Jan Loots toegeken is, het hy soheentoe getrek. Hier het vader en seun saam die boerdery, langs die Breërivier, behartig. Sy ander broers, nl. Pieter, Cornelis en Jacob is vroeg oorlede. Ons kry egter geen verdere dokumentêre verwysings na hulle, behalwe in die doopregisters nie.

Daar moes seker van tyd tot tyd besoeke aan die Kaap gewees het om vee te verkoop. So vind ons dat Jan die tweede op 9 Oktober 1757 die jong 16-jarige Elizabeth Cordier tot vrou neem. Sy is 15/1/1741 in die Paarl gedoop. Sy was die twaalfde kind van Philippus Cordier en Elizabeth Malherbe. Iets het seker met haar onderwys gehaper, want sy kon nie lees of skryf nie en het haar naam met 'n kruisie geteken. Jan, die tweede, daarenteen het oor 'n netjiese handskrif beskik asook oor 'n goeie Nederlandse taalgebruik.

Na sy troue vestig Jan hom op die plaas Paardekloof, langs die Breërivier, in die Riversdal omgewing. Sy vader Jan bly saam met hom.

Sy eerste kind, 'n seun, word hier gebore en word 14/1/1759 gedoop, vernoem na oupa Jan. Kort hierna dra oupa Jan die plaas oor op sy seun Jan se naam. Op 22 Januarie 1760 word dit in die Kaapse kantore op Jan die tweede se naam geregistreer.

Op 3/8/1762 staan Jan en Elizabeth weer voor die preekstoel met hulle tweede baba, 'n dogtertjie, Elizabeth. Nog twee jaar later word die tweede seun, Philip Cornelis op 12/4/1764 gedoop, vernoem na Oupa Philippus Cordier en Jan se oorlede broer, Cornelis.

In hierdie tyd trek groot groepe Swellendammers na die Kamdebo. Onder hulle was die Jouberts en die Meijers. Vir skaapboerdery was dit 'n gesonder streek. Oppad op 1/6/1766 word Jan se vierde kind, nl. Pieter, langs die Hexrivier gebore. Dit wil lyk asof Jan se vader op die Kuilsrivier plaas agter gebly het. Pieter word later op 16/11/1766 in Drakenstein gedoop.

Die trek na die Kamdebo het ernstige botsings tussen Boesmans en Trekboere tot gevolg gehad. Jan het sy vrou en kinders terug na Swellendam gestuur, terwyl daar probeer is om die Boesman-rowers uit die Kamdebo en Sneeuwberg-gebied te verdryf.

Hierdie skeiding het twee dinge tot gevolg gehad, nl. dat tussen Pieter en die volgende broer elf-jaar verloop het en dat Jan die derde, mettertyd die boerdery op die plaas Paardekloof langs die Breërivier behartig het. Presies wanneer Jan se vrou weer by hom aangesluit het, weet ons nie, maar vroeg in 1776 bevind Jan hom aan die bo-lope van die Sondagsrivier, later Blaauwwater genoem. Op 9/2/1777 word Jan se vyfde kind in die Paarl as Paul Johannes Jacobus gedoop. Sy sesde kind, Johannes Hendrik word op 14/11/1779 gedoop,

In hierdie tyd het Jan se gesondheid probleme begin gee en hy stel sy eerste testament op. Die koue winters van die Voor-Sneeuwberg, die gevolge van die Boesman oorlog en die verwydering tussen hom en sy familie, het sy tol begin eis.

Op 19 Maart 1786 word die plaas Paardekloof oorgedra in naam van sy oudste seun, "de jonghe Jan". Op 2 Oktober 1786 word die plaas in Kaapstad in naam van "de jonghe Jan Loots" geregistreer. Hierdie Jan, nl. Jan die derde, was toe 27 jaar oud.

Op 18 Desember 1789, om 9 uur die oggend, stel Jan op sy plaas Blaauwwater, op die walle van die Sondagsrivier, aan die voet van die Sneeuwberg, sy finale testament op. Sy vrou Elizabeth Cordier teken haar naam met 'n kruisie.

Alhoewel sy vrou Elizabeth alles erf, word sy seun Pieter aangestel om na sy moeder en twee minderjarige broers, Paulus Johannes Jacobus en Johannes Hendrik, om te sien. Hierdie taak het Pieter tot met sy dood in 1836 met waardigheid volbring.

Pieter se ouer broer, Philip Cornelis het niks van sy vader geërf nie, waarskynlik omdat hy nooit tuis was nie. Hy was waarskynlik op een van sy smous- of jagtogte.

Jan die tweede is waarskynlik nog dieselfde dag oorlede. Sy seun Pieter het in die ou opstal ingetrek en die versorging van sy moeder en twee jonger broers op sy skouers geneem. Die oudste seun, Jan het reeds op Paardekloof langs die Breërivier gewoon.